Dissipelskap

Daaglikse Bybel lees-rooster.

Maandag/ week 1

Handelinge 1 : 1 – 14. Die belofte dat die Gees sou kom.

1. Selfs na 40 dae, waartydens Jesus sy opstanding bewys het en waartydens Hy oor die koninkryk van God gepraat het, het sy dissipels steeds 'n groot behoefte beleef: (sien ook Lukas 24: 44 – 53)

- Wat was hierdie behoefte?
- Wat moes hulle daaromtrent doen?
- Wanneer sou dit gebeur?
- Waarom was dit nodig?

2. In watter opsig was hulle idees omtrent die toekoms verkeerd? (verse 6 – 8) Wat se soortgelyke foute kan ons vandag maak?

3. Hoe het hulle hulself vir die koms van die Heilige Gees voorberei?

Dinsdag /week 2

Handelinge 2 : 1 – 36 Die koms van die Gees.

1. Hoe kan ons vandag deur die Heilige Gees vervul word? Handelinge 2: 38; 5:32 Johannes 7: 37 – 39.

2. Hoe behoort die vervulling met die Heilige Gees in ons lewe te realiseer. Handelinge 2: 4, 11, 17 – 18 en 22 vervolgens.

3. Wat is die plek en die betekenis van "spreek in vreemde tale en ander geestelike gawes in terme van vol wees van die Gees. (vers 4 en vers 17 vervolgens)

4. Is die doop met (vervulling met) die Heilige Gees altyd iets wat na bekering plaasvind? Hoe kan ons (a) jong bekeerlinge en (b) ander Christene help wat voel hulle het "iets meer" nodig?

Woensdag / week 3

Handelinge 3 : 1 – 26 getuienis in Jerusalem.

1. Is dit altyd en onder alle omstandighede reg om genesing aan te kondig (of om te bid vir genesing), soos wat ons by Petrus sien? (Handelinge 3: 1- 10) Wat se deel behoort genesing vandag in die getuienis van die kerk te hê?

2. Daar is geen twyfel dat baie siek mense na Petrus geluister het nie, wat was egter die hoof dryfkrag van sy preek?

3. Wat kan ons hieruit leer?

Donderdag week 4

Handelinge 8: 1 – 25 – getuienis in Judea en Samaria

1. Wat het hulle "gehelp" om Christus se opdragte te gehoorsaam in Handelinge 1: 8?

2. Wat kan ons hieruit leer van die Heilige Gees se leiding?

3. Wat kan ons leer uit Filippus se bediening? (Lees ook weer verse 26 – 40)

4. Hoe verduidelik jy die koms van die Heilige Gees na die bekering van hierdie Samaritane ? (14 vervolgens)

Vrydag / week 5

Handelinge 28 : 16 – 31 – getuienis tot by die uithoeke van die wêreld

1. Paulus wou al vir jare die evangelie na Rome bring. Wat kan ons hieruit leer omtrent God se werking in ons lewe as antwoord op ons gebede?

2. Hoe het Paulus teenoor die Joodse leiers omtrent Christus getuig?

3. Wanneer blyk sulke moed die regte ding te wees?

Saterdag en Sondag / week 6

1. Persoonlik

a. Hoe kan ons voortdurend deur die Heilige Gees vervul wees? Wat is ons grootste struikelblokke en hindernisse?

b. Wat doen jy op hierdie stadium, of kan jy op hierdie stadium doen, as getuie van Christus in jou omgewing, stad, en in die wêreld?

2. Korporatief

a. Wat verhinder die Heilige Gees in ons gemeente?

b. Hoe behoort ons te verwag dat die krag van die Heilige Gees in en deur ons gemeente sigbaar sal wees in die wêreld?

Besinning / week 7

Wat se probleme of tekortkominge beleef jy wanneer jy jou geloof met ongelowiges moet deel? (dui aan met 'n regmerkie of kruisie)
Gee dan veral 'n aanduiding wat kan ons hieromtrent doen om jou te help?
Byvoorbeeld

- Ek ken nie die boodskap (Bybel) nie
- Ek het nie die vertroue dat die Christelike geloof altyd reg is nie
- Ek kan nie die antwoorde gee op al die vrae wat mense vra nie
- Ek vind dit moeilik om met mense oor my persoonlike geloof te praat
- Ek voel skuldig om "verpligtinge' op ander mense te lê
- 'n Mens verloor te veel vriende wanneer jy oor geloof praat
- Dit lyk nie vir so dringende saak nie om oor geloof te praat nie
- Ek voel skuldig om oor die nuwe lewe te praat terwyl my eie lewe self so 'n gemors is
- Ek het nie baie geleentheid om met nie-Christene te praat nie
- Hulle vra nooit, so ek vertel hulle ook nooit
- Ek is bang om alleen met mense te praat, ek het iemand nodig om by my te wees
- Dit voel so onnatuurlik vir my
- Ek het nog nooit gesien dat Christelike getuienis smaakvol gedoen word nie, dit lyk altyd so on-smaakvol en aanstootlik
- Ander.....

Verse om te leer :Johannes 7 : 37 - 39

Die liggaam van Christus en die gawes van die Gees
Indien u aan 'n Omgeeroep/Bybelstudiegroep behoort moet u in die week voor die groep bymekaarkom die Bybelstudie deurwerk

Maandag /week 8

1 korintiërs 12 : 1 – 11 – Verskeidenheid van gawes

1. Hoe kan ons tussen ware en valse geestelike gawes onderskei? (verse 1 – 3)

2. Gee 'n kort definisie van elk van die geestelike gawes wat in verse 4 – 11 genoem word. Met ander woorde hoe sou u dit vir iemand anders verduidelik?

3. Dink u hierdie is die volledige lys van die gawes wat die Gees gee? Indien nie, watter gawes sou u byvoeg?

Dinsdag / week 9

1 korintiërs 12: 12 – 31 – Julle is die liggaam van Christus

1. Hoe behoort ons mekaar se gawes te herken en die gebruik daarvan aan te moedig? (verse 12 – 25)

2. Probeer om die woorde van vers 26 in u eie woorde te sê.

3. Wat is die "beste" gawes vers 31 waarop ons, ons moet toelê/

Woensdag / week 10

Romeine 12 – 'n Lewende offer

1. Wat behoort ons te doen, as ons God se gawes tot sy eer moet gebruik? (verse 1 – 6)

2. Watter verdere gawes meld Paulus in verse 6 – 8? Probeer om dit in u eie woorde te sê.

3. In die praktiese opdragte van verse 9 – 21 -, wat vind u persoonlik die relevantste of die moeilikste of albei?

Donderdag / week 11

Efesiërs 4 : 1 – 16 – Groei na Christus toe

1. Waarom is die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het so belangrik? (verse 1 – 6)

2. Wat is nodig sodat die liggaam van Christus tot volwassenheid opgebou sal word? (7 – 16)

3. Maak 'n volledige lys van bogenoemde en bespreek in diepte

Vrydag / week 12

1 Korintiërs 3 Slegs God laat groei

1. Wat se probleme het die Christelike kerk ondervind en wat se soortgelyke probleme ondervind ons vandag nog? (1 – 9) Maak volledige lys van probleme.

2. Wat se soort beproewing/toets kan Christene verwag?

3. Wat beteken dit om met "goud, silwer en edelstene" te bou? (10 – 23)

Saterdag en Sondag / week 13

Persoonlike toepassing

(a) Watter gawes gebruik jy in die gemeenskap van die gelowiges?

(b) Vir watter gawes bid jy ?

(c) Hoe kan jy dié gawes ontwikkel?

Korporatiewe toepassing

(a) Dink aan spesifieke Christene wie se gawes vir jou 'n verskil in jou lewe gemaak het? Noem hulle en dank God vir hulle.

(b) Hoe is ons gemeente na jou mening besig om volgens Efesiërs 4: 7 – 16 te ontwikkel?

Die groot opdrag

Maandag / week 14

Matteus 28: 1 – 20 – Gaan.....

1. Wat se bewyse lewer verse 1 – 15 in verband met Jesus se opstanding op?

2. Wat is Jesus se posisie in die wêreld en in die kerk, as gevolg van sy kruisiging, opstanding en verheerliking? Matteus 28 : 16 – 18, Filippense 2: 8 – 11, Efesiërs 1: 20 – 23.

3. Wat beteken dit om "dissipels te maak"?

4. "Doop hulle" en "leer hulle" – Watter rol behoort die Woord en die Sakramente in die "maak van dissipels" te speel?

Dinsdag / week 15

Markus 16: 9 – 20 – Nog bewyse van Christus se opstanding

(NB nie alle manuskripte het hierdie "langer slotgedeelte" van Markus se evangelie nie, ons lees dit egter omdat dit deel is van die kerk se tradisie, of dit nou volgens sommiges deel is van die 'ware" Woord van God of nie.)

1. Wat se verdere bewyse is daar volgens Markus 16: 9 – 20 vir die opstanding?

2. Hoekom dink jy was die 11 dissipels so stadig om te glo?

3. Watter plek behoort die doop te hê in die "prediking van die evangelie"? Sien hier ook 1 korintiërs 1: 13 – 17.

4. Van wat se betekenis is die tekens waarvan Markus 16: 9 – 20 melding maak vir die hedendaagse evangelisasie? Markus 16: 17 – 20; Romeine 15: 18 vervolgens.

Woensdag /week 16

Lukas 24: 44 – 53; 1 Korintiërs 15: 1 – 11 – Julle is getuies.

1. Wat is die kern van die geloof wat ons red? (lees beide Skrifgedeeltes)

2. Wat beteken dit om 'n getuie vir Christus (Handelinge 1: 8) of 'n getuie "van hierdie dinge" te wees?

3. Wat is die waarde van persoonlike getuienis? (1 Korintiërs 15: 6 – 11)

Donderdag /week 17

Korintiërs 5: 10 – 21 – Motivering

1. Maak 'n lys van minstens vyf motiewe in evangelisasie in hierdie Bybel gedeelte. Lees hierdie verse baie deeglik en kyk wat jy hieruit kan leer. Skryf enige gemene delers of enige opvallende gedagtes neer. Spandeer genoeg tyd aan hierdie gedeelte, moenie jaag nie.

Vrydag /week 18

1 Korintiërs 9 : 15 – 27 - ...om soveel mense as moontlik vir Christus te wen.

1. Op hoeveel verskillende maniere kan jy die evangelie vandag verkondig?

2. Het jy dieselfde dringendheid soos wat Paulus dit in verse 15 – 18 uitdruk? Indien nie, hoekom nie?

3. Verduidelik die beginsels in verse 19 – 23 in jou eie woorde. Hoe is hierdie beginsels van toepassing op jou eie situasie ?

4. Waarteen moet ons waak en hoe moet ons daarteen waak – volgens verse 24 – 27?

Saterdag en Sondag / week 19

Persoonlik

Hoe sou jy 'n vriend of vriendin wat pas 'n Christen geword het, opvolg en versorg indien jy die bepaalde verantwoordelikheid sou kry. (Gee soveel besonderhede as wat die tyd toelaat)

Korporatief

(a) Hoe effektief is ons gemeente "om dissipels te maak" ?

(b) Wat meer kan ons realisties doen? (Byvoorbeeld "deur wie" en "hoe"?)

Bespreek:

1. Wat het jy uit hierdie Bybelstudie geleer?

2. Wat se probleme ondervind jy met evangelisasie? Hoe kan hierdie probleme oorkom word?

3. Wat se evangelisasiewerk sou jy graag buite die kerkgebou se mure wou doen?

Bybelvers om te memoriseer: Matteus 28 : 18 – 20.

Om die Goeie Nuus te deel

Maandag/week 20 - Lukas 19: 1 – 10 – Saggeus

1. Wat is die "stappe" waarvolgens Jesus redding na Saggeus se huis gebring het?

2. Wat beteken "bekering"? En hoeveel behoort 'n persoon van die implikasies van bekering te verstaan voordat hy/sy tot geloof in Christus kom?

Dinsdag / week 21

Handelinge 8: 26 – 40 – Filippus die evangelis

1. Wat se "lesse" kan ons uit hierdie gedeelte leer wat 'n aanduiding is waarom Filippus so 'n goeie evangelis was?

2. Vers 35 " Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus Christus aan hom verkondig." Watter "stappe" sou jy gebruik, met die gebruik van Bybelverse, om 'n persoon na Jesus toe te lei?

Woensdag / week
22 Johannes 3: 1 – 21 – Nikodemus

1. Hoeveel van 'n mens se vrae moet 'n mens eers beantwoord (as 'n mens Jesus as voorbeeld sou neem) voordat 'n mens die persoon tot persoonlike geloof in Jesus Christus lei?

2. Wat kan ons uit hierdie gedeelte oor die soewereiniteit van die Heilige Gees in evangelisasie ? Waar kom menslike wil en verantwoordelikheid in?

3. "Wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie" (vers 18) Hoekom?

4. Hoekom glo sommige nie? (Verse 19 - 21)

Donderdag / week 23

1 Korintiërs 1: 18, 2:5 – Ons verkondig Christus die gekruisigde!

1. In ons boodskap, wat is die "krag van God"? 1 Korintiërs 1:18, 23 vervolgens, 1 Korintiërs 2: 2,5.

2. Wat word bedoel met verkondig "Christus wat geruisig" is?

3. Hoekom kan 'n gevoel van swakheid, onvolmaaktheid en senuagtigheid 'n bate in evangelisasie wees?

Vrydag / week 24 Handelinge 20: 17 – 37 – Evangelisasie en opvolg!

1. Twee keer sê Paulus : "Ek het niks teruggehou nie" "Ek het nie nagelaat nie" (vers 20,27) wat daarop dui dat om die evangelie te deel nie maklik is nie. Wat het nie "teruggehou" nie en nie "nagelaat" nie?

2. Hoe moet ons onsself en die hele kudde van God oppas? (vers 28) – die "kudde" verwys na elkeen aan wie God 'n besondere verantwoordelikheid gegee het?

3. Wat se lesse het Paulus ons geleer deur sy lewe en sy voorbeeld?

Saterdag en Sondag /week 25

Persoonlike toepassing

Gebruik Johannes 4: 1 – 37 om jou posisie as getuie vir Christus te bepaal.

Sensitief vir die Gees se leiding vers 4: Ontwikkel dit - swak – Nuwe idee

Gewillig om op ongeleë tye te getuig

Gewillig om inisiatief te neem

Gewillig om sosiale/kulturele grense oor te steek

Sensitief vir mense se werklike behoeftes

Eerlik en openlik omtrent persoonlike probleme

In staat om "aandag afleiers" te vermy

Om mense by 'n punt van besluit te bring

Begerig om Jesus met ander te deel

Wanneer jy jou posisie bepaal het, bid dan dat God jou sal versterk in die swak aspekte van jou getuienis-mondering.

Korporatiewe toepassing

(a) Op watter maniere kan ons gemeente ons evangelisasie versterk?

(b) Op watter maniere kan ons gemeente ons opvolg versterk?

(c) Hoe kan Christene in ons gemeente beter opgelei en beter toegerus word vir evangelisasie en opvolg?

Verse om te leer:

Romeine 3: 23; 6: 23; Jesaja 53: 6; Markus 8: 34; Openbaring 3;20

Bybelse antwoorde op algemene vrae

Wat se antwoorde sal jy op die volgende stellings gee?

Maandag: Ek glo nie in God nie
Sien Romeine 1: 18 – 23; Johannes 14: 8 – 11; Johannes 1: 14 – 18 Johannes 4: 12.

Dinsdag: Ek ervaar nie enige nodigheid vir God nie
Sien Johannes 3: 3 – 18; Efesiërs 2: 1 – 3, 12; Hebreërs 9: 27

Woensdag: Wat van al die leiding?
Sien Lukas 13: 1-5; Romeine 8: 15 – 25; 2 Korintiërs 4: 16 – 18; Psalm 73

Donderdag: Wat van hulle wat nog nooit die evangelie gehoor het nie?
Sien Lukas 12: 47 – 48; Romeine 1: 18 – 23; 3: 19 – 24; Handelinge 10: 34 vervolgens; Genesis 18: 25

Vrydag: Wat van al die ander gelowe?
Sien Johannes 14: 6; Handelinge 4: 12; 1 Timoteus 2: 5 -6 Hebreërs 1: 1- 3

Saterdag: Ek dink ek is goed genoeg soos ek is
Sien Johannes 3: 3 – 7; Romeine 2: 1 – 3; 3: 9 – 20; Efesiërs 2: 8 – 10; Galasiërs 2: 16

Sondag: Skryf alle vrae, besware of verskonings neer wat jy al gehoor het en gee waar jy kan Skrifgedeeltes as antwoorde daarop.